



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
- ◆ *Die ATKV en die geraas daarbuite oor Afrikaans* p2
- ◆ *Die volhoubare vestiging van kultuur* p4
- ◆ *Jongerenprojek - jongmense se kontak met stamlande* p6
- ◆ *Ek is 'n bevryde Afrikaner en volwaardige Suid-Afrikaner* p8
- ◆ *MentorVenoot se Snapspel kompetisie groei* p10
- ◆ *142 Jaar van Afrikaans - Taaldag 14 Augustus* p11

Woord deur die voorsitter

Deur Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad

Wanneer die Augustus Nuusbrief verskyn is dit die teken dat ons die kruin van 2017 bereik het. Hoewel die winter verreweg nog nie verby is nie, raak die dae reeds merkbaar langer. Die twee 31 dag-maande wat rug aan rug lê is verower en breek die tyd vir kritiese ontleding van die realiteite van die nuwe seisoen aan.

Die Reformatoriese wêreld vier vanjaar 500 jaar hervorming en is dit 500 jaar gelede dat Martin Luther sy 95 stellings teen die misbruike in die kerk van sy tyd, vasgespyker het teen die deure van die Wittenberg-kerk. Die tyd van 'n nuwe begin het aangebreek en hoewel daar altyd by mense 'n traagheid is om uit gemaksones te beweeg en te vernuwe en te verander kom dit dikwels spontaan en borrelend van binne, en daarmee dikwels ook 'n tyd van heling. Dit vereis egter 'n ingrypende verandering, die identifisering van die onaanvaarbare, en die moed en wil om dit reg te stel. Ons moet nie vashaak by ontnugtering nie en die gevaar loop dat ons soos Martin Luther uitroep na sy besoek aan Rome, "ek het met uie ingegaan en met knoffel is ek daar weg.



'n Kritiese ontleding van die plaaslike boerdery omstandighede in ons omgewing het onrusbarende resultate gelewer. Daar is streke in die land wat nog nie regtig winter beleef het nie, maar is daar streke waar die tekens van 'n ongenaakbare koue winter duidelik lê. Waar daar in normale omstandighede kniediep groenvoer op die lande lê en wag vir die nuwe aankomelinge van die lamseisoen, is die grond hierdie jaar uitgestrekte *braaklande*. Die gevolge van langdurige opeenvolgende droogtes eis sy tol en lê daar 'n riller periode van beproewing voor.

Die natuur se horlosie kan nie teruggedraai word nie. Die tyd van 'n nuwe begin het egter aangebreek en moet realiteite vierkantig in die gesig gestaar word.

(Vervolg op p2)

**As Afrikaners bou ons saam aan
die toekoms van Suid-Afrika**

Woord deur die Voorsitter (verv)

Die stroping van ons land soos blyk uit #Guptaleaks en die ongenaakbare kwaad en vernietiging van nasiebou na opeenvolgende gif en kwaad wat oor tydperk gesaai is deur Bell-Pottinger. Dit alles gebeur tydens die bewind van die huidige regering en die littekens is duidelik sigbaar in die uitgestrekte *braakland* wat tans oor groot dele van ons land ontvou. Hierdie skade kan vir nog baie lank merkbaar wees.

Uit die Woord in Esegiël kom daar 'n duidelike opdrag oor hoe die *braakland* wat onbenut, onbewerk en oortrek met dorings en onkruid besaai is, hanteer moet word. “*Ploeg die braakland, ploeg diep, ploeg deeglik en ploeg reguit.*” (Uit Woordskatte gemyn op Tsumeb.) Wanneer 'n mens heeltyd omkyk wanneer jy ploeg, is die geneigdheid dat die ploegvoor krom en skeef is. Daardie fout durf Suid-Afrikaners nie meer langer maak nie. Ons moet fokus op die merker wat op die gesigslyn staan.

Die skewe vore van 'n grondwet wat na willekeur interpreteer word na gelang van omstandighede, toon ernstige tekens van erosie wat dringend herstel moet word.

Ek vertrou dat die Afrikanerbond die manmoedigheid aan die dag sal lê om 'n stewige hand aan die ploeg te slaan en dat die onkruid wat tans geil op die braakland lê en bemes is met 'n oordosis moedswil en kwade gedagtes, uitgeploeg sal word. Noudat die maskers afval is daar die geleentheid vir dringende regstellings wat gemaak moet word. Die vermomings soos wit monopolie kapitaal, gronddiefstal, rassisme, kolonialisme en *witheid* moet afgeruk word. Die skewe vore van 'n grondwet wat na willekeur interpreteer word na gelang van omstandighede, toon ernstige tekens van erosie wat dringend herstel moet word. Die misbruik van demokrasie as bloot net meerderheidsregering en die fyner nuanses van minderheidsbelange en beskerming wat misken word, moet reggestel word. Die tyd is ryp daarvoor!

Die twintig tot dertig jaar raklewe van 'n moderne grondwet het moontlik nou sy vervaldatum bereik. Die Reformatoriese gees van hervorming, vernuwing en heling spoel soos 'n golf deur die land en kan die littekens van die effek van die opeenvolgende genadelose aanslae bedek word en heling bring. In die braakland slaan die onkruid en dorings soos 'n seer duim duidelik uit en moet deur 'n diep, reguit en deeglike ploeg ontwortel word.

Vir die Afrikanerbond wat aan die vooraand van sy nuwe 100 jaar termyn staan, was hy nog nooit beter geplaas as om nou 'n stewige hand aan die ploeg te slaan nie.

Die Dagbestuur van die Nasionale Raad vergader op 3 en 4 Augustus 2017 in die Wes-Kaap en kyk na die geskikste ploeg. Intussen hoop ons dat die enkele harde kluite wat steeds prominent op die braakland van Suid-Afrika lê, reg in die pad van die ploeg, gou deur die son en reën sal verweer, sodat die goeie saad op vrugbare aarde sal val.

Wees sterk. ❖

Die ATKV en die geraas daarbuite oor Afrikaans

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Die onverkwiklike debat oor die ATKV en Afrikaans het nou weer 'n klomp mense se nekhare laat rys. Baie is alweer geskryf en gesê maar dit word duidelik in die debat daarbuite dat daar groter duidelik moet wees oor die terme wat gebruik word. Taal, kultuur, Afrikaans en Afrikanerskap word vermeng en word 'n debat wat verantwoordelik gevoer behoort te word, verskraal tot beskuldigings, etikettering en wilde aantygings. Dit strek niemand tot eer nie.

Afrikaans is nie 'n kultuurtuiste nie, maar 'n gedeelde taal. Daarom het niemand eiendomsreg nie, maar gedeelde belange En verantwoordelikheid om die taal te bevorder. Die wyse waarop jy dit wil

(Vervolg op p3)

Die ATKV en die geraas daarbuite oor Afrikaans (verv)

bevorder is nou die dispuut. Persoonlik is ek van mening dat Afrikaans heeltemal uit die loopgrawe gehaal word. Afrikaans gaan net nog verder seerkry. Engels is die oorlogstaal, Afrikaans is die omgangstaal.

Afrikaans is deel van wie ek is, dit is beslis nie alles nie. Die Afrikaans of Suid-Afrikaner nie. Niemand kan Afrikaans opeis as kultuurbate of kultuurerfenis nie. Afrikaans is slegs die medium of instrument waardeur ek my kultuur mag kan uitleef. Ons is deel van 'n groter Afrikaanse gemeenskap. Die 2011-sensus beraam die Suid-Afrikaanse bevolking op min of meer 51 770 000, van wie ongeveer 6 811 000 Afrikaans praat. Hierdie Afrikaanssprekendes vorm dus 13,5% van die bevolking. Volgens die sensus is die samestelling van Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika soos volg: Bruin 51% (3 440 000), wit 40% (2 710 000), swart 9% (602 000), en Asiërs minder as 1% (59 000).

Taal, kultuur, Afrikaans en Afrikanerskap word vermeng en word 'n debat wat verantwoordelik gevoer behoort te word, verskraal tot beskuldigings, etikettering en wilde aantygings.

Net so moet duidelikheid kom oor kultuurtuiste. My Afrikanerskap is my kultuurtuiste maar ek kan ook nie eksklusief daarmee omgaan of dit eng definieer nie. Dit is ook nie vir my om dit te gebruik om mense uit te sluit of vir my om te bepaal wie ek wil insluit nie.

Wit en Afrikaans in Suid-Afrika soos wat Afrikaners lief is om hulself te beskryf is 'n absolute minderheid van 2,7 miljoen mense. By verre die minderheid vanuit 'n bevolkingsperspektief van 51.7 miljoen mense.

Maar wie is dan die Afrikaner? Dr Danie Langner, Hoofleier van die Voortrekkers skryf onlangs in #VoortrekkersKAN "Die oorgrote meerderheid middelgrondsoekende Afrikanerorganisasies definieer vandag Afrikanerskap as ruimteskeppend (nie voorskriftelik) op die beginsel van vryheid van assosiasie. Afrikanerskap is 'n hartsaak. Die beste definisie vir selferkende Afrikanerskap is om te sê: Ek weet in my hart ek is 'n Afrikaner en ek is trots daarop. Afrikanerskap is ook 'n keuse. 'n Vrye vereenselwiging met die kultuurgemeenskap en sy geskiedenis. Ons eie voorouers het immers opgehou om Duits, Frans, Engels, Nederlands, Portugees of wat ook al te wees, en het deur vrye assosiasie hulle lot by die Afrikaners ingewerp. Vereenselwiging met "ons" beteken nie selfverheerliking of stelling inneem teenoor "hulle" nie. Afrikanerskap staan nie in spanning of in isolasie teenoor ander identiteite nie, maar saam met 'n veelvoud van identiteite. 'n Sterk fokus word geplaas op die kulturele middelgrond wat Afrikaners met mekaar in gemeen het. Die gebrek aan 'n objektiewe definisie beteken egter nie dat daar geen gemeenskaplike grond is waarop Afrikaners mekaar kan vind nie. Daar is kulturele kenmerke wat Afrikaners saamsnoer soos 'n gemeenskaplike geskiedenis, Christelike lewens- en wêreldbeskouing en 'n Westerse lewenswyse."

Terwyl die onderlinge gevegte gevoer word is daar aan die ander kant nog steeds diegene wat oordrewe transformeer en met politieke korrektheid gevestigde ruimtes prysgee.

In die wilde geskreeu tussen kommentators, redakteurs en joernaliste en ook in oor-en-weer beskuldigings staan een ding duidelik. Ons ontbreek balans in die gesprek. Die gesprek behoort te gaan oor die aanvaarding van mekaar. Maar meer as dit. Begrip en respek. Tussen Afrikaners, tussen Afrikaanssprekendes en tussen Suid-Afrikaners. Dit het egter alles verlore geraak in die gejaag na nasiebou en die prysgawe van identiteit. Dit het half makliker geword om eerder gevegte met mekaar as saam met mekaar te voer, deur selfsugtig om te gaan met ons denke en uitsprake.

Terwyl die onderlinge gevegte gevoer word is daar aan die ander kant nog steeds diegene wat oordrewe transformeer en met politieke korrektheid gevestigde ruimtes prysgee.

(Vervolg op p4)

Die ATKV en die geraas daarbuite oor Afrikaans (verv)

As ons na alles kyk is daar vandag 'n stryd om oorlewing, politiek en ekonomies en veral ook rondom taal en kultuur. Laasgenoemdes is in stryd om oorlewing teen 'n swak Engels wat op ons afforeer word. Nou is daar selfs ook sprake van gebaretaal as amptelike 12e taal. Ons kan nie eers behoorlik die ander inheemse tale, waaronder Afrikaans beskerm teen die verdringing van Engels nie. "Verenig in ons verskeidenheid" beteken dat ons mekaar die ruimte moet gee om identiteite en kultuur te kan uitleef en daardeur uitdrukking te gee aan Suid-Afrikanerskap. Net so moet daar ruimte wees vir die veelheid van kultuurgroepe om hulle onderskeie kulture en identiteite volledig uit te leef. Dan gaan dit nie meer oor oorlewing nie, maar oor uitlewing.

Die nuanses van die uitlewing van taal en kultuur word egter baie vinnig afgemaak as rassisme, teen-transformatief en soms ook onchristelik. Dalk is ons soms te vinnig om honderde woorde te proeflees vir spel en grammatika foute sodat dit vinnig gepubliseer kan word maar ons kontroleer nie die inhoud van woorde en die teks aan integriteit, verantwoordelikheid en regverdigheid nie. Hiermee wen ons die veldslag, maar nie die oorlog nie.

Die nuanses van die uitlewing van taal en kultuur word egter baie vinnig afgemaak as rassisme, teen-transformatief en soms ook onchristelik.

Ons almal, wit en swart, isiXhosa, Engels of Afrikaans of Afrikaner, staat en burgerlike samelewing sal harder moet werk om inhoud te gee aan begrip, aanvaarding en respek vir die verstrengeldheid van Suid-Afrikase diversiteit. Ons is tot soveel meer in staat as die verskeidenheid van Suid-Afrikaners, Afrikaanssprekendes en Afrikaners net toegelaat sou word om hulself te wees. Maar meer belangrik ons moet mekaar se goeie trou aanvaar. Elkeen van ons wil Afrikaans op 'n manier bevorder. Daardie verantwoordelikheid het ons lankal aanvaar. Daar is ruimte vir ons elkeen, want nie een het eienaarskap van die taal nie. ❖

Die volhoubare vestiging van kultuur

Tydens die Voortrekkers se Nasionale Kongres wat op 13 Julie 2017 in Bloemfontein begin het, was een van die geleentheidsprekers mnr Nico Tromp wat ook as Hoofbeskermheer van die Voortrekkers optree. Mnr Tromp, sakeman van Windhoek en direkteur van verskeie maatskappye het tydens die kongresopening gepraat oor Diensbare leierskap. Sy verwysing na die Afrikaners in Namibië gedurende die toespraak kan ook vir ons as Afrikaners in Suid-Afrika dien as les. Met die vergunning van mnr Tromp plaas ons dus die relevante gedeeltes uit sy toespraak.

Ek gesels vandag met u uit 'n Namibiese agtergrond, omdat ek daar woon en die staatkundige bedeling moes aanvaar wat op my afgedwing is, uit 'n sake agtergrond, as sakeman, omdat dit my nering is. As 'n Christen en Protestant omdat ek 'n geroepene is daartoe en as 'n Namibiese Afrikaner wat deel in die Goddelike geroepenheid van die Afrikanervolk om die Lig in Afrika in te dra. Dit is ook die 43ste jaar wat ek vir 'n week in 'n maand in Johannesburg woon en werk.

Suidwes-Afrika/Namibië as 'n model

Ek glo ons is aan die voorpunt om die Afrikanerkultuur volhoubaar te vestig, internasionaal deur Afrika. Dit is elke volk se reg om selfstandig en vry in die wêreld te leef en te droom sonder vrees. Om sy geroepenheid waarvoor hy deur sy Skepper geskep is te kom uitvoer en volbring.

Dit is elke volk se reg om selfstandig en vry in die wêreld te leef en te droom sonder vrees.

Sewe en twintig jaar gelede was daar 'n Rubikon wat oorgesteek moes word. 'n Deel van die Afrikanervolk moes geoffer word om die karakter van die Afrikanervolk gestand te kon doen in die RSA.

Ons Duitse landgenote in Namibië moes 102 jaar gelede in 1915 met dieselfde proses vrede maak in
(Vervolg op p5)

Die volhoubare vestiging van kultuur (verv)

Duits-Suidwes Afrika, toe die Unie magte daar oorgeneem het en hulle van die Duitse volk in Duitsland afgesny is.

Die Afrikaner in Namibië kon aansluiting vind by die Duitsers en leer hoe om ons kultuur volhoubaar te vestig.

'n Klimaat het in Suidwes ontwikkel om te oorleef, om as 'n kultuurgroep selfstandig te oorleef nadat jy van die stamboom van die volk afgesny is en kon die Afrikaner in Namibië aansluiting vind by die Duitsers en leer hoe om ons kultuur volhoubaar te vestig. In Namibië word vandag die enigste Duitse koerant in Afrika versprei, met hulle eie Duitse radiostasie, hulle eie karnaval tradisie, protestantse geloof, kerke en eie privaatskole. Sowat 25 organisasies kyk na hulle kultuur en ander behoeftes.

Hulle is opgeleide mense met insig in: ekonomie/boerdery/kleinhandel/finansies/kapitaalmark en eie Duitse bier industrie, wat ook internasionaal bemark word, besig is om in hulle eie kultuur 'n eie toekoms uit te hammer, onafhanklik van Duitsland, maar met 'n hegte Kultuurverbintenis. Die Namibiese Duitser het na 102 jaar 'n ander Duitse kultuur, as die Duitser in Duitsland.

Na 27 jaar is die Afrikaner in Namibië besig om dieselfde proses te deurloop. Ons het 'n verantwoordelikheid om ons as Afrikanervolk ons kultuur buite die grense van die RSA volhoubaar te vestig, Internasionaal. Ons moet self seker maak dat ons en ons nageslag ons identiteit volhoubaar behou en nie soos in Argentinië verswelg word deur die diverse kulture rondom ons nie.

Hierdie aanpassing is 'n groot probleem vir ons Engelse en Portugese landgenote in Namibië. Om volhoubaar te kan voortbestaan moet ons ons wortels behou en is dit belangrik dat die moederland soos Duitsland/Suid-Afrika ook kultureel toetree en ondersteuning bied.

Die eerste tree in die verband is al gegee met die skryf van die Namibiese grondwet. Die Afrikaner in Namibië het nie ingestem tot 'n sekulêre grondwet soos dit vandag bestaan nie. Sy voorkeure is duidelik uitgespel omdat hy slegs onder 'n Christelike Grondwet vry kan wees.

As 'n minderheidsgroep (Suidwes is altyd deur SA geadministreer onder VVO toesig) het ons toegestem om die nuwe grondwet te ondersteun, omdat daar ook vir ons ruimte geskep is en ons met die kultuurgroepe in ons land moet assosieer om 'n wen-wen basis te skep. Die resultaat is 'n liberale demokrasie en bied aan ons almal 'n gelyke speelveld en die ruimte om ons kultureel uit te leef.

Wêreldwyd is bewys dat die enigste suksesvolle assosiasie vir saambestaan van verskillende volke op kulturele vlak kan geskied.

Die suksesresep is gebaseer op dienbare leierskap. Ons moet die volkere rondom ons hoër ag as onself, 'n verhouding wat deur Christus in die Bybel as voorbeeld gestel is. Jy moet jou medemens hoër ag as jouself. Ons mag mekaar nie domineer nie.

Wêreldwyd is bewys dat die enigste suksesvolle assosiasie vir saambestaan van verskillende volke op kulturele vlak kan geskied.

In 2004 het 10 Afrikanerleiers in Windhoek in Namibië bymekaar gekom en gesprek begin voer rondom die behoud van die Afrikanerkultuur in Namibië. Hulle het bekend geraak as die **Decimviri** (na aanleiding van die 10 adviseurs wat altyd vir Keiser Ceasar geadviseer het).

Hierdie gesprekke het oor twee jaar gelei tot die stigting van 'n Afrikanerbelangegroep met die naam van **NETWERK**. Netwerk se fondament is gebou op 2 pilare, naamlik Die Handhawing van ons Christelike Waardestelsel en die Afrikaanse Taal in die nuwe Republiek van Namibië.

(Vervolg op p6)

Die volhoubare vestiging van kultuur (verv)

Netwerk het dadelik aandag gegee om die strukture wat oorgebly het na onafhanklikheid, naamlik die Voortrekkers, ons Kerke, die privaatskole wat in wording was, die ATKV en die dorstrand trek-kers verhoudings mee te begin bou en te netwerk. Dr Callie Opperman, die huidige Voorsitter van Netwerk het veral hier groot waarde toegevoeg. Hy dien ook as 'n Direkteur op die Direksie van die FAK. Die eerste keer sedert 1929 wat die Afrikaner in Namibië erkenning ontvang op Direksievlak.

Hierdie inisiatief het gelei tot 'n kulturele vennootskapsooreenkoms tussen die FAK en Netwerk. Netwerk en die Selfhelp Trust wat ook gevorm is in hierdie periode het saamgespan en 'n kultuur sentrum opgerig wat bestaan uit 'n argief, 'n museum, 'n biblioteek en vergadersale vir die Afrikaners in Namibië. Die adres het 'n bepaalde identiteit geskep. Die nuutste ontwikkeling is dat hierdie kultuursentrum per ooreenkoms met Akademia van volgende jaar af sal funksioneer as hulle satelliet kampus. Leierskapsontwikkeling kan dus vanaf die Laerskool deur die Hoërskool tot op Tersiere vlak in Afrikaans in Windhoek en Namibië plaasvind.

Gedurende die toespraak het mnr Nico Tromp ook sy ankerfilosofie met die Voortrekkers gedeel. Die filosofie is die sewe (7) S'e

Selfstandig, wees waardig sonder hoogmoed, wees vriendelik sonder om te kruip, wees eerlik want dit duur die langste.

Selfwerksaam, is daardie korrektheid wat vertrou by vriend en vyand skep

Selfgeldend, dit is jou reg om 'n fout te maak

Selfsugtig, dien jou naaste, deur te glo in jouself, jou volk en jou God

Selfverrykend, koop nie wat jy nodig het nie, maar koop waarsonder jy nie kan klaarkom nie.

Selfondersoek, daardie loutering in geloof wat jou innerlike vrede gee.

Selfverwesening, waar jy jou roeping uitleef en die naaste aan jou Skepper voel

- dan sal alles ten goede geskied, as elkeen en ieder sy plig doen ❖

Jongerenprojek - jongmense se kontak met stamlande

Die Jongerenprojek is 'n maandlange uitruilprogram tussen Nederland en Vlaandere aan die een kant, en Suid-Afrika en Namibië aan die ander kant. Sedert 1947 ontvang die Lae Lande die een jaar 'n groep Suid-Afrikaanse studente, en onthaal Suid-Afrika die ander jaar 'n groep studente vanuit die Lae Lande. Die Jongerenprojek Netwerk (JPN) is 'n geregistreeerde Suid-Afrikaanse nuwingsgewende organisasie, opgemaak uit JP-alumni en belangstellendes, wat verantwoordelik is vir die samestelling en koördinerings van die toerprogram wanneer dit plaaslik aangebied word. Die organisasie is ook verantwoordelik vir die fasilitering van die keuringsproses wat kandidate wat aan die projek wil deelneem moet meemaak.

Die JPN het ten doel om deelnemers 'n begrip te gee van die onderliggende verhouding wat daar tussen die Lae Lande en Suider-Afrika bestaan – soos in die besonder vergestalt word in die taalbande wat Nederland en België met Afrikaans deel. Die hoop is om 'n wedersydse begrip en waardering vir die Europese en Suider-Afrikaanse kulture te ontwikkel. Die JPN hang die waardes van menswaardigheid, objektiwiteit, inklusiwiteit, konstruktief-krities wees en gasvryheid aan.

Die Afrikanerbond is vroeër vanjaar genooi om 'n student te nomineer en te borg vir deelname aan die Jongerenprojek Netwerk se besoek aan die stamlande. Nadat enkele aansoeke oorweeg is is besluit om Louis Trichardt (22) 'n student aan die Universiteit van Pretoria te nomineer en sy reiskoste te dra. Onder volg sy verslag van die besoek 28 Junie tot 20 Julie 2017 wat ons onlangs ontvang het.

“Deze studiereis van de Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereniging (opgericht in 1881) is bedoelt als een uitgebreide kennismaking met Nederland en Vlaanderen. Het is een culturele uitwisseling die al meer dan 40 jaar plaats vindt. De commissie heeft as doel de culturele contacten tussen beide lan-

(Vervolg op p7)

Jongerenprojek - kontak met stamlande (verv)

den te bevorderen. Aan de hand van een divers en uitgebreid programma willen we een zo breed mogeleijk spectrum van de Nederlandse en Vlaamse kultuur laat zing." Die Jongerenprojek is dus 'n uitvloeisel van die oogmerke van die SZAHN.

Nederlanders hebben de nyging om - wanneer ze een vreemd accent menen te horen - onmiddellik op het Engels over te skakelen. Geeft daar niet aan toe! Praat jouw eigen taal!

Die opgewondenheid was groot. Dertien van ons studente het onder die bekwame leiding van Gerdus Senekal en Susann Marais mekaar op 28 Junie by OR Tambo ontmoet. Ons vertrek via Dubai na Brussel en ontmoet daar een van die Belgiese toerleiers wat ons na Hasselt vergesel. Laasgenoemde is "de hoofdstad van de Smaak", waar ons mekaar beter leer ken het. Ons verblyf was by 'n jeugherberg. Hoogtepunte in Hasselt was 'n besoek aan die Japanse tuin en 'n formele aandete saam met verteenwoordigers van de Orden van de Prins. Verskeie persone wat reeds 'n geruime tyd met die organisering van die toere gemoeid was, het ook 'n groot inset gelewer om die toer

so suksesvol te maak. Oom Jos is 'n besielende voorbeeld !

Na Hasselt het ons na Brugge vertrek, waar ons die eerste keer kennis gemaak het met gasouers. Dit was 'n aangename ervaring wat ons meer geleer het van die doen en late van die mense in België. Ons het 'n naweek saam met ons gasouers spandeer en so die land vanuit 'n "nie toeristiese" oogpunt gesien.

Tydens ons verblyf in Gent was daar 'n boeiende lesingreeks aangebied wat o.a. gehandel het oor 'n basiese inleiding tot die Nederlandse taal, die geskiedenis van België en Europa, geografie van die Laelande, inleiding tot die Franse film en Euthanasie in Vlaandere en Nederland.

Tydens die besoek aan Suid Holland was ons verblyf in Den Haag by gasouers. Hoogtepunte sluit in: 'n Besoek aan Rotterdam met sy geweldige groot en besige hawe, die Letterkundige Museum, 'n polisiestatie in Leiden, die Kinderdijk en 'n seevaart op die IJsselmeer. Ons het ook 'n lesing by die Universiteit van Leiden bygewoon. Dit was 'n belewenis om die wêreldbekende Universiteit se kampus te kon ervaar.

In Noord Holland het ons in Amsterdam en Otterlo ook by gasouers tuisgegaan. Hoogtepunte sluit in: 'n Besoek aan die Rijksmuseum, die Skeepsvaartmuseum, Kroller-Muller park, waar een van die grootste Van Gogh versamelings bewaar word en ook 'n standbeeld van ons bekende generaal Christiaan De Wet is.

Uitstaande indrukke

- Ek het dadelik tuis gevoel, want ek kon met my Afrikaanse agtergrond die Nederlandse taal en begrippe maklik baasraak. Dr. Jan Donner, voorsitter SZAHN het dit so gestel: "We doen dat in onze eigen taal: in het Afrikaans, Vlaams en Nederlands. Nederlanders hebben de nyging om - wanneer ze een vreemd accent menen te horen - onmiddellik op het Engels over te skakelen. Geeft daar niet aan toe! Praat jouw eigen taal! Ieder van ons kan de taal van de ander goed begripen."
- Die georganiseerdheid van die samelewing was opvallend. Alles werk en die hele omgewing is netjies. Almal is stiptelik, wetsgehoorsaam en eerbiedig gesag en hulle handhaaf hoë etiese norme. Hulle is trots op hulle land en die bewaring van hulle erfenisse kry groot prioriteit.
- Elke vierkante sentimeter landbougrond word benut. Wetenskaplike boerderymetodes word toegepas. Die geneties gemanipuleerde Belgiese blou bees was 'n besondere manifestasie van wetenskaplike boerderymetodes.

Almal is stiptelik, wetsgehoorsaam en eerbiedig gesag en hulle handhaaf hoë etiese norme. Hulle is trots op hulle land en die bewaring van hulle erfenisse kry groot prioriteit.

(Vervolg op p8)

Jongerenprojek - kontak met stamlande (verv)

- Ons gashere het baie belang gestel in ons Afrikaanse kultuur. Baie van hulle het Suid-Afrika al besoek, sommiges kom selfs gereeld jaarliks hierheen.” Veel Vlamingen en Nederlanders dragen Suid-Afrika een warm hart toe; velen komen er regelmatig en hebben er familie. We probeer goed op de hoogte te blijven van wat er hier en daar gebeurt.”
- Hierdie besoek het my meer bewus gemaak van die Afrikaner se aktualiteit en ons eie geskiedenis. Ons moet voortdurend ons burgerregte opeis en nie toegee aan die nukke van Jan Rap en sy maat nie. Ons voorgeslagte het alles opgeoffer om die land op te bou.
- Ons het goeie verhoudings met die Nederlanders, wat ons goedgesind is, opgebou. Op kultuurgebied moet ons hierdie bande met ons stamlande uitbou. Ek sal graag in die toekoms wil help om die JP-gangers in Suid-Afrika tuis te laat voel.
- Geleenthede bestaan dat ek in die toekoms daar verder kan studeer en ook werkgeleenthede mag bekom.
- Lede van die toergroep was altyd onberispelik in hulle optredes en het die Afrikaner en die JP Bestuur in Suid-Afrika eer aangedoen.
- Die goeie gesindheid en wederkerigheid van die Nederlanders word so deur dr. Donner verwoord: “ Ons taalgebruik, onze gedeelde ervaringen ook tijdens dit besoek bestendigen de duurzame relatie ook naar de toekomst.”
- Die gasvryheid wat ons van die Nederlanders ervaar het, het ons altyd welkom en tuis laat voel.

Hierdie besoek het my meer bewus gemaak van die Afrikaner se aktualiteit en ons eie geskiedenis. Ons moet voortdurend ons burgerregte opeis en nie toegee aan die nukke van Jan Rap en sy maat nie. Ons voorgeslagte het alles opgeoffer om die land op te bou.

Die voortgang van die Jongerenprojek: Dit was 'n besondere ervaring en alle instansies hierby betrokke, word versoek om asseblief hierdie projek te koester.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die Afrikanerbond te bedank vir die groot borgskap om die toer mee te maak. Dit was 'n lewensveranderende reis wat my horisonne verbreed het. Ook waardering aan die Jongerenprojek se bestuur in Suid-Afrika vir hulle besielende leiding en werk om die projek uit te bou. Baie dankie !

Louis Trichardt ❖

Ek is 'n bevryde Afrikaner en volwaardige Suid-Afrikaner

**Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

Hang my identiteit en burgerskap af van iemand anders se politieke nukke of grille? As 'n Afrikaner is ek onlosmaaklik deel van die groter Suid-Afrikaanse samelewing.

Die hele Gupta sage en die feit dat die familie deur vroeë en waarskynlik onregmatige naturalisasie burgerskap in Suid-Afrika ontvang het, laat 'n wrang smaak. Klasse of grade van burgerskap is 'n nou reeds bekende feit en die onlangse mynbou handves wat intussen weer herroep is, klassifiseer nou ook 'n “Swart persoon” as Swart Bruin en Indiër en diegene in die groepe wat deur naturalisasie, burgerskap ontvang het.

Iemand van die reeds bevoordeelde Gupta familie wat betreklik onlangs eers na Suid-Afrika verhuis het ontvang dus nou ook die geleentheid om te deel in Suid-Afrika se myne en gepaardgaande rykdom bo 'n wit Suid-Afrikaner wat al reeds vir geslagte lank in die land woon.

Die vraag is dus. Hang my identiteit en burgerskap af van iemand anders se politieke nukke of grille? As 'n Afrikaner is ek onlosmaaklik deel van die groter Suid-Afrikaanse samelewing. Afrikaners

(Vervolg op p9)

Ek is 'n bevryde Afrikaner (verv)

is al lankal bevry van die verlede wat soos 'n albatros om ons nek gehang word. Andere mag ons dalk beskou as tweedeklas burgers en ons deur wetgewing en ander maatreëls ontnem van die voordele van burgerskap. Ons is al vantevore deur soortgelyke onderdrukte en soms vernederende maatreëls.

Andere mag ons dalk beskou as tweedeklas burgers en ons deur wetgewing en ander maatreëls ontnem van die voordele van burgerskap.

Die Afrikanergemeenskap het uit die as van die 2e Vryheidsoorlog opgestaan en kon ons die Afrikaner ophef sodat die vanuit homself 'n welvarende gemeenskap geword het wat ekonomies bemagtig is en daardeur is Suid-Afrika bevoordeel deurdat die land 'n industriële reus op die platteland geword het. Die Afrikaners het nie gewag dat die staat aalmoese uitdeel en het ons nie verryk geword uit staatstenders, bedrog en korrupsie nie.

Dit was vanuit die Afrikaner dat armoede aangespreek is, groot maatskappye soos banke en versekeringsreuse tot stand gekom het en was die besef daar dat opheffing slegs sal slaag as onderwys 'n prioriteit is. Groot hoeveelhede geld is ingesamel om aan Afrikaners kwaliteit onderwys te besorg. Later het skole en later universiteite gevolg. Dit was egter met die politieke bemagtiging van die Afrikaner dat daar 'n selfsug ingetree het wat die Afrikaners die muishond van die wêreld geword het. Genadiglik is dit verby en kan ons as weer as bevryde Afrikaner die wêreld en Suid-Afrika in die oë kyk en opstaan om getel te word.

Daarom moet ons vra waar is die swart sakemanne wat so mildelik voordeel trek uit Swart Ekonomiese Bemagtiging se bydraes tot hulle gemeenskappe? Waar is die onderwysfondse uit swart privaat inisiatief om kwaliteit Venda, Xhosa en Sotho onderrig te verseker? Die staat kan nie 'n al hoe groter welsynstaat word en die privaatinisiatief ontbreek nie.

Die toekenning van burgerskap aan die Guptas het onomwonde gewys dat wanbestuur en korrupsie prioriteit geniet bo die belange van Suid-Afrikaners wat deur harde werk 'n bestaan probeer maak. Transformasie, ondeurdagte beleide, gebrekkige dienslewering, die verval in infrastruktuur, verswakking in onderwysstandaarde, korrupsie, onvermoë om misdaad vas te vat, xenofobie en vele meer voorbeelde van wanbestuur ken nie meer kleur nie. Dit raak elke Suid-Afrikaner. Maar dit is asof ons regering lankal lojaliteit aan sy eie burgers versaaak het.

Geld praat hard en dit koop nou enige iets wat enige politikus te koop kan aanbied. Burgerskap is maar net een ding. Mark Twain het by geleentheid gesê: "Wees altyd lojaal aan jou land, wees egter lojaal aan die regering wanneer dit verdien word." Dit wat rondom die Guptas en die koop van burgerskap gebeur toets hierdie stelling tot sy uiterste.

Mark Twain het by geleentheid gesê: "Wees altyd lojaal aan jou land, wees egter lojaal aan die regering wanneer dit verdien word." Dit wat rondom die Guptas en die koop van burgerskap gebeur toets hierdie stelling tot sy uiterste.

Net soos ander Suid-Afrikaners wil ons deel wees van 'n Suid-Afrika waarin daar goeie regering is, gebaseer op die sleutel eienskappe vir goeie regering wat die VN se Kommissie oor Menseregte geïdentifiseer het naamlik, deursigtigheid, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, deelname en responsiwiteit teenoor die behoeftes van die mense. Hierdie elemente het met tyd begin vervaag of het heeltemal verdwyn.

Witmense in die algemeen en Afrikaners in die besonder hoef nie meer skuldig te wees oor die verlede nie. Ons skuld is lankal betaal. Met dit in gedagte weet ons dat ons volledig Suid-Afrikaners is, lojaal is en daarom ons regte kan opeis as Suid-Afrikaners. Ons hoef die regte nie te koop nie. Wat nou in die land aan die gebeur is maak 'n bespotting van burgerskap en die regte wat daarmee gepaard gaan. Genadiglik begin dit lyk asof die kaartehuis se einde in sig is. ❖

MentorVennoot se Snapspel kompetisie groei

Ons is dankbaar dat ten spyte van stram ekonomiese toestande, deelname aan die Snapspel Kompetisie in 2017 uitstekende groei getoon het.

Gedurende 2016 het 6 skole met 183 leerders deelgeneem en is R108,000 daarvoor aangewend. Vanjaar het sover 12 skole ingeskryf wat 280 leerders betrek en word R180,000 aangewend. Dit is groei van 100% in die aantal skole met 'n kostedoeltreffende toename van slegs 67% in die koste. Alle fondse wat van borge ontvang word, word aangewend om leerders te subsidieer om aan die kompetisie te kan deelneem. Administratiewe en bemarkingskoste word deur die funksionaris van MentorVennoot self gedra of deur skenkings wat vir elke uitgaawe gewerf kan word.

Die teiken in 2018 is om ten minste 18 skole en meer as 400 leerders te laat deelneem aan hierdie opbouende en stimulerende ervaring wat hulle nêrens anders sal kan kry nie

Van die 12 skole is 5 in Gauteng, 4 in Wes-Kaap, 2 in Vrystaat en 1 in Noord-Wes Provinsie. Die teiken in 2018 is om ten minste 18 skole en meer as 400 leerders te laat deelneem aan hierdie opbouende en stimulerende ervaring wat hulle nêrens anders sal kan kry nie. R250,000 is hiervoor geormerk.

Die entoesiasme en momentum vir die program is besig om in skole op te bou. Oos-Moot Hoërskool het die eerste keer deelgeneem en was ook die eerste deelnemer vanjaar. Me. Elmary Kotzé, Departementshoof EBW en Rekeningkunde skryf: "Graag wil ons van die geleentheid gebruik maak om ons innige dank uit te spreek vir die voorreg wat ons leerders, van Hoërskool Oos-Moot in Pretoria, gister te beurt geval het om te kon deel wees van die SNAPspel (besigheidssimulasie). Ons verstaan dat ruim borgskappe van u kant af dit moontlik gemaak het. Ons leerders het die besigheidssimulasie baie positief en opwindend ervaar. Hulle het vandag steeds in die klas oor en weer gedebatteer oor die ondervinding! Baie dankie vir almal wat daarby betrokke was."

Ons doel is om aan hoërskoolleerders die geleentheid te bied om met pret en plesier, praktiese en gesimuleerde ervaring in besigheid op te doen - met klem op die praktiese - sodat hulle terwyl hulle nog op skool is, die lekker daarvan kan ervaar - dws om 'n entrepreneur te kan wees.

Ons lei skole met raad, inligting en voorbeelde om 'n praktiese entrepreneursprogram te implementeer sodat die leerders self op eie inisiatief geld kan maak met projekte, om oa vir die Snapspel en ander gemeenskapsprojekte te kan betaal. Dit leer hulle al op 'n vroeë ouderdom om inisiatief te neem en verantwoordelik met geld te leer werk.

Ons lei skole met raad, inligting en voorbeelde om 'n praktiese entrepreneursprogram te implementeer sodat die leerders self op eie inisiatief geld kan maak met projekte.

Geleentheid vir Afdelings

Ons versoek graag die steun en hulp van Afdelings in al 4 hierdie provinsies, om aan ons kontakbesonderhede te verskaf van 'n Skoolhoof, 'n Vise-hoof, 'n EBW onderwyser, 'n lid van 'n Beheerliggaam en/of 'n belangstellende ouer van enige plaaslike hoërskool. Ter wille van kostebesparing is die fokus vereers op hierdie 4 provinsies. Ons weet uit ervaring, om die program volgende jaar volhoubaar te laat groei moet ons hierdie kwartaal die werwing gedoen kry.

'n Loodskomitee is gestig om skole in Vrystaat te werf. Hulle skop af met 'n vergadering op 14 Augustus waarheen die lede van 3 afdelings uitgenooi word. Dit word in September opgevolg met 'n braai vir skoolhoofde, belangstellende onderwysers, lede van bestuursrade en alle ander belangstellendes om die inisiatief lewe te gee. 'n Voordrag sal gelewer word oor die doelwitte en opvoedkundige waarde van die entrepreneursprogram en hoe dit vir elke skool finansieel self-versorgend en volhoubaar gemaak word. Dit is 'n pioniers-inisiatief van Vrystaat AB wat moontlik deur ander provinsies of sentra ook oorweeg kan word.

(vervolg op p11)

MentorVennoot se Snapspel kompetisie groei

Ons dink graag dat hierdie inisiatief 'n geleentheid vir elke afdeling in die land bied om 'n konkrete bydrae tot die opheffing van die plaaslike gemeenskap en dienslewering deur die Afrikanerbond te kan lewer. Die Afrikanerbond is 'n lid-organisasie van MentorVennoot NPO en elke lid van die Afrikanerbond is daarop geregtig om as verteenwoordiger van die maatskappy 'n skool te nader vir moontlike deelname en/of die nodige kontakbesonderhede so gou moontlik aan ons te verskaf sodat ons die nodige bemerking en werwing betyds kan doen.

Ons wil graag u samewerking hierin vra sodat ons soveel as moontlik skole kan betrek en so min as moontlik koste het om markkontak te maak. Ons weet dat ons op ons lede se altoos getroue ondersteuning kan staatmaak vir die suksesvolle implementering van hierdie program wat onontbeerlike bemagtiging aan almal, maar veral aan die gemiddelde presteerders en minder bevoorregte jongmense in die skole bied. Hulle is die leerders wat die meeste voordeel hieruit trek - en die rekord wys ook dat hulle as groep en as individue die beste presteer in die kompetisie!

Ons kontakbesonderhede, wat ook gebruik kan word om meer inligtingsmateriaal te kry, is: Rienzi Duvenage, besturende direkteur, MentorVennoot NPO. Sel: 072 207 5058; epos: mentorvennoot@mweb.co.za ❖

142 jaar van Afrikaans—Taaldag 14 Augustus

Afrikaanse Taaldag word jaarliks op 14 Augustus gevier. Die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) te Paarl op 14 Augustus 1875 word beskou herdenking van die geboortedag van Afrikaans. Op 14 Augustus 2017 is Afrikaans reeds 'n volle 142 jaar oud.

Ten spyte van wat baie mense beskou as die opbloeï van Afrikaans is daar rede tot kommer. In 'n artikel "oor die toekoms van Afrikaans" wat reeds in 2007 op die internet gepubliseer is skryf prof Wannie Carstens van Noordwes Universiteit dat 'n taal op 5 terreine teenwoordig moet wees:

- (i) die taal moet tuis gepraat word,
 - (ii) die taal moet 'n letterkundige funksie hê en dan in die besonder 'n skriftelike weergawe daarvan,
 - (iii) die taal moet wetenskaplike en akademiese funksies hê (dus as taal van onderwys op 'n verskeidenheid vlakke),
 - (iv) die taal moet ekonomiese nut hê (mense moet dus die taal kan gebruik in die werksplek) en;
 - (v) die taal moet 'n owerheidstaal wees (mense moet in hulle taal met die staat kan kommunikeer).
- Die argument word deur prof Carstens en andere gebruik dat wanneer 'n taal van hierdie funksies begin inboet, spanning sal volg. Op twee van hierdie terreine naamlik as amptelike taal en as taal van onderwys is daar rede tot kommer.

Die Afrikanerbond het vantevore die standpunt oor Afrikaans ingeneem en ons beklemtoon dit graag binne die konteks van onderwys en Afrikaans:

- Onderwys en taal is nie slegs die verantwoordelikheid van die regering nie, maar ook van elke burger in ons land. Dit is waarom kultuurorganisasies nie kan wegstaan van die krisis in die onderwys nie.
- Moedertaalonderrig en veral in die grondslagfase, moet deurlopend bevorder word. Dit is by uitstek die rol van kultuurorganisasies.
- Die kwaliteit en kwantiteit van onderwysers, ook in Afrikaans, moet aangespreek word. Onderwysopleiding in Afrikaans bly 'n prioriteit.
- Die grondwet bevestig die status van Afrikaans en ander tale. Dit is vir ons as breë Afrikaanssprekende taalgemeenskap om dit op te eis.
- Afrikaans en Afrikaanse onderwys is nie 'n politieke speelbal nie en moet uit die politieke arena gehaal word.

Kom ons wees trots Afrikaans ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190